

4 Julie 2021

PRAKTIESE WYSHEID

VIR KLEINGROEPE



Markus 6:1-13

ons storie ysbreker

Is dit vir jou ook snaaks wanneer ander mense val of hulself seermaak of iets net verkeerd doen of sê. *Fail compilations* is baie gewild op YT. Dalk kan julle na een of twee kyk terwyl julle koffie drink. Hoekom dink julle is dit so sleg om self te misluk, maar so snaaks wanneer iemand anders misluk?

word stil

Lees Psalm 48

Maak 'n lys van al die lofbedes. Dalk kan jy mense vra daarom by die huis te doen en dan bid julle dit saam in die kleingroep.

GOD se storie wat sê die Bybel

Lees saam
Markus 6:1-13

As daar tyd is,
lees dit uit verskillende
vertalings.

GOD se storie gesels hieroor na

Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het.
Of enige vrae wat jy nou het.

Jesus het aanvanklik eers by die sinagoge 'n draai gemaak – maar na die gebeure van Markus 6 lees ons nie weer dat Hy in 'n sinagoge was nie. Hy sou hierna by mense se huise optree of iewers buite (op 'n visserskuit, bo-op 'n berg, ens.) Hoekom wou Hy eers daar begin het?

Die skare se opinie oor Jesus verander vinnig. Aanvanklik staan hulle in verwondering, maar dit eindig in woede. Wat presies gebeur hier? Lees vers 2 en 3 in *The Message* en kyk of dit nie dalk help nie.

Help Jesus net mense wat glo? Wat is die verband tussen geloof en genesing?

Hoekom het Jesus die dissipels so onvoorbereid uitgestuur. Ons sê dan altyd "If you fail to plan, you plan to fail". Wou Jesus dan hê hulle moes misluk?

Wat sê die gedeelte vir ons oor mislukking? Het Jesus in Nasaret misluk? Berei Hy sy dissipels voor vir mislukking?

Sal hierdie uitreik-aksie vandag werk? Wat sal werk en wat sal nie werk nie?

ons nuwe storie

Hoe ons nuut dink, doen en leef in die wêreld rondom ons. Verder en Voor:

Die skrywer Elie Wiesel sê: "it is not given to man to begin; that privilege is God's alone. 'But it is given to man to begin again...' Hoe help dit ons? Wat sê die gedeelte vir ons oor ons strategie om die wêreld met die evangelie te bereik?

na die erediens

As julle groep na die erediens bymeekaarkom waarin die teks hanteer is:

Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.

Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar

Hoe kan ons vir mekaar hierdie week bid?
Het enige iemand spesifieke gebedsbehoefes?

